DIE VOORTREKKERS
KLAPPERKOP
Medemenskamp 2021

Geagte Kommandoleier en Gr 7 Spanoffisiere (van 2021)

Soos u weet is Medemens een van die belofte spesialisasies wat die Penkoppe en Drawwertjies in Gr 7 moet doen om te kwalifiseer vir Voorslag. Die MEDEMENSKAMP is ‘n Transvaalse GGN (Gebiedsgoedgekeurde Naweek) vir Gr 7 Penkoppe en Drawwertjies en word aangebied deur Klapperkop Kommando.
Hierdie kampbrief is vir alle Gr 7’s van 2021 bedoel.

WANNEER:	Vrydag 21 Mei 2021 (16:00) tot 23 Mei 2021 (14:00)
WAAR:	Hartbeesfontein Voortrekkerplaas (Noordoos van Pretoria)
WAT:	Medemens Spesialisasie
UITNODIGING:	Ingesluit vind u ‘n spesiale uitnodiging, gerig aan die Gr. 7 Voortrekkers. **DUPLISEER EN GEE DIT ASB. AAN GR. 7 VOORTREKKERS. DIT IS OOK DIE INPAKLYSIE**
KOSTES:	Gr 7: R520-00 (Indien u inskrywing na 7 Mei 2021 ontvang word beloop kostes R570-00) Volwassenes: R370-00
HEMDE:	‘n Medemenskamphemp is beskikbaar vir Volwassenes teen R180. Daar word van **ALLE** volwassenes verwag om Saterdag ‘n rooi hemp te dra (indien jy nie ‘n rooi Medemenshemp het of aankoop nie, bring jou eie rooi hemp saam). **Hemde is nie vir jeuglede nie.**
BEPERKING:	**DAAR IS SLEGS PLEK VIR 175 JEUGLEDE** Te veel van die dinamika van die kursus gaan verlore as ons meer kinders aanvaar asook om by die COVID regulasies te hou. **Skryf asb. vroeg in om teleurstelling te voorkom.**
OFFISIERE:	Geen Volwasse opleiding word tydens die kamp aangebied nie. Merk asb. u voorkeur van diens op die elektroniese inskrywingsvorm.
VERVOER:	Elke kommando is verantwoordelik vir vervoer van eie jeuglede na en van die terrein.
SLAAPPLEK:	Gr 7: Elke span moet hul eie tente bring. Let op die beperking van 50% van tent se kapasiteit. Nie meer as 3 kinders per tent nie (6-man tent). Volwassenes: Slaaplokale of eie tent
.	
SLUITINGSDATUM:	Die sluitingsdatum vir inskrywings asook die betaling van kampfooie is **Vrydag 7 Mei 2021**. Elke inskrywing kry ‘n unieke verwysing wat gebruik moet word vir betalings.

BANKBESONDERHEDE: Elke inskrywing sal ‘n unieke verwysing ontvang wat gebruik moet word vir die betaling. Die epos wat gestuur word nadat die inskrywing voltooi is, sal die bankbesonderhede en verwysing besonderhede bevat.
Ons sal teen 10 Mei 2021 ‘n opsomming van inskrywings aan jou kommando AKL Admin stuur om seker te maak al die inskrywings is ontvang.

INSKRYWINGSVORMS: Inskrywings word aanlyn voltooi by https://inskrywings.voortrekkers.co.za en sal teen 16 April 2021 oopmaak.
Kies Medemenskamp 2021.

NAVRAE: Navrae kan gerig word by onderstaande kontaknommers.
Neem asb. kennis dat geen alkohol toegelaat word op die kamp nie.

Groete

Nico Snyman
Kampleier
Selfoon: 082 850 0550
Epos: nicosny@mweb.co.za

Nicci Kleynhans
Kampadmin
Selfoon: 083 303 3061
Epos: medemenskamp@gmail.com